higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N400**(A)**(J13)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

(7080126)

13 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die regterbrein is ...

A die meer kunstige en kreatiewe kant van die brein.
B die meer akademiese en logiese kant van die brein.
C verantwoordelik vir beheer oor die regterkant van die liggaam.

1.2 Wanneer 'n kind onherkenbare hale met kryte op 'n tekenblad maak, word dit ... genoem.

A 'n beheersde gekrabbel
B kop–voet-figure
C 'n onbeheersde gekrabbel

1.3 Tydens 'n kreatiewe les, wanneer kinders in groepe saamwerk, behoort die dagsorgfasiliteerder ('educarer') die meeste van haar tyd en konsentrasie aan die ... te bestee.

A subaktiwiteite
B hoofaktiwiteit
C eindproduk

1.4 Terwyl die kleuters op die vloer blokkies optel en neergooi, op mekaar stapel, afstamp en langs mekaar neersit, is hulle besig om ...

A van oorsaak en gevolg te leer.
B bykomstighede te benodig.
C voor te gee dat hulle speel.

1.5 ... word deur middel van blokkiespel aangeleer aangesien die kinders begin om voorspellings en vergelykings te maak en met oorsaak en gevolg, stabiliteit en ewewig te eksperimenteer.

A Musiek
B Beweging
C Wetenskap

1.6 Die vermoë om subtiele boodskappe in gesigsuitdrukkings en liggaamstaal te vertolk en te verstaan ten einde gemaklik met ander in wisselwerking te tree:

A Visuele diskriminasie in lees en skryf
B Visuele diskriminasie in sosiale wisselwerking
C Visuele diskriminasie in wiskunde

Kopiereg voorbehou

1.7 Die afsluiting van 'n temakring oor plante behels dat ...

A die dinge bespreek word wat die kinders omtrent plante geleer het.
B nuwe inligting oor motors bespreek word.
C nuwe inligting oor plante bekendgestel word.

1.8 'n Voorbeeld van groot motoriese ontwikkeling is om...

A met 'n lyn langs te knip.
B op 'n klimraam rond te klim.
C in te kleur.

1.9 Ouers sal boodskappe opmerk as die kennisgewingborde ...

A naby die ingang geplaas word waar hulle hul kinders aflaai en optel.
B op ooghoogte van die kinders geplaas word.
C in kreatiewe areas geplaas word.

1.10 Die ... van 'n les wek belangstelling by en bied motivering aan die kinders en oortuig hulle daarvan dat hulle by die les gaan baat vind.

A inleiding
B inhoud
C gevolgtrekking

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n item of woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die boodskap op 'n plakkaat vir ouers kan sodoende versterk word	A	liggaamsperkussie as simfonie
2.2	Wanneer die kinders tydens kreatiewe lesse in groepe saamwerk	B	ware geelhout
2.3	Kurrikulumverwante werk weg van die preprimêre skool af	C	bloukraanvoël
2.4	'n Hele groep kinders wat tydens 'n musiekkring saamwerk	D	fantasiespel
2.5	Voorbeelde van ritme- of perkussie-instrumente	E	handoorheersing en handvoorkeur
2.6	Die nasionale boom van Suid-Afrika	F	deur werklike voorwerpe of foto's te vertoon
2.7	Die nasionale voël van Suid-Afrika	G	skudder; tamboeryn
2.8	Voorgee- of dramatiese spel	H	uitstappies
2.9	Help kinders leer om tasterugvoering van hande te verwerk sodat hulle hul handspiere meer effektief kan gebruik	I	visuele diskriminasie
2.10	Bewegingsverwante vaardighede wat 'n noodsaaklike aspek van die mens se ontwikkeling en groei is	J	dagsorgfasiliteerder moet die kinders by al die tafels kan waarneem
2.11	Die vermoë om verskille in visuele beelde te identifiseer	K	moedig kreatiewe uitdrukking by kinders aan
2.12	Wanneer 'n kind instruksies eerbiedig om te bly sit en geduldig te wag terwyl die dagsorgfasiliteerder besig is om met 'n ander kind te werk	L	kreatiwiteit en estetiese ontwikkeling
2.13	Geleenthede om die stem te gebruik en verskillende liggaamsbewegings deur middel van musiek te ontdek	M	vertoon van geduld en selfbeheersing
2.14	Geleenthede vir kinders om met behulp van rolspel, drama en poppespel van die wêreld om hulle te leer	N	gevoelspersepsie-aktiwiteite
2.15	Die kind se konsekwente gebruik van een hand in plaas van die ander hand vir 'n taak wat 'n bepaalde vaardigheid verg	O	perseptueel motoriese aktiwiteite

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die Suid-Afrikaanse volkslied is 'n lied waarin 'Nkosi Sikelel' iAfrica' (God seën Afrika) en 'Die Stem van Suid-Afrika' saamgevoeg is.

3.2 Tydens lesaanbiedinge soos die oggendkring moet die dagsorgfasiliteerder die kinders se gesigte dophou, hulle om terugvoering vra en hul werklike begrip kontroleer.

3.3 Om foto's te wys en werklike voorwerpe, wat met die les verband hou, na die klaskamer te bring, is 'n manier waarop 'n les bekendgestel kan word.

3.4 Tydens fantasiespel is realistiese voorwerpe en speelgoed nodig aangesien die kinders nie kan voorgee om gebare of mimiek te gebruik of onrealistiese voorwerpe met mekaar in verband kan bring nie.

3.5 Om te speel is die 'werk' wat kinders doen om die wêreld om hulle te ontdek, te verstaan en te verken.

3.6 Die plaaslike owerheid is die wetgewende gesag van Suid-Afrika wat oor die mag beskik om ingevolge die Grondwet vir die land wette uit te vaardig.

3.7 Die gevolgtrekking van 'n les bied tyd aan die kinders om ná 'n aktiwiteit af te koel.

3.8 Om hande te klap, op die knieë te slaan en voete te stamp is voorbeelde van vingerspelaktiwiteite.

3.9 Handklokkies en skudders is niemelodiese instrumente.

3.10 Deurdat die kinders musiekinstrumente bespeel en verken, leer hulle of brei hulle hul begrip daarvan uit dat verskillende speeltegnieke vir verskillende musiekinstrumente nodig is.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Waarnemings moet vry van sydigheid, vooroordeel en stereotipering wees.

Omskryf die volgende begrippe betreffende waarneming:

4.1.1 Sydigheid ('bias')

4.1.2 Vooroordeel ('prejudice')

4.1.3 Stereotipering

(3 × 2) (6)

4.2 Waar behoort die dagsorgfasiliteerder modder te verskaf waarin die kinders kan speel? (4)

4.3 Watter bykomstighede by modderspel kan aan die kinders gebied word? (10)

4.4 Wat moet die dagsorgfasiliteerder betreffende die uitleg van die blokkiehoekie in aanmerking neem? (2 × 2) (4)

4.5 Verduidelik die dagsorgfasiliteerder se rol in blokkiespel. (3 × 2) (6)

4.6 Hoe trek die kinders voordeel uit die uitvoer van wetenskap-eksperimente? (10)

4.7 Die weer verander die hele tyd en dit word deur voorskoolse kinders waargeneem.

Hoe sou jy die kinders omtrent die weer opvoed? (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 5

5.1 Bespreek DRIE kreatiewe aktiwiteite wat jy ná 'n uitstappie na die kliniek met die kinders sou doen. (3 × 2) (6)

5.2 Watter veiligheidspunte betreffende die toesighouding van kinders gedurende 'n uitstappie sou jy in ag neem? (2 × 2) (4)

5.3 Watter reflektiewe vrae moet jy jou afvra nadat jy 'n bewegingsles aangebied het? (5 × 2) (10)

5.4 Verduidelik die voordele van musiek en beweging vir kinders se ontwikkeling. (5 × 2) (10)

5.5 Noem VYF musiek- en bewegingsaktiwiteite wat vir vyfjarige kinders geskik is. (5)

Kopiereg voorbehou

5.6 Noem VYF soorte aktiwiteite met behulp van apparaat wat vir vyfjariges geskik is en wat jy by bewegingslesse kan insluit. (5)

5.7 Bespreek VYF aktiwiteite met behulp van balle wat vir vierjariges geskik is. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 6

6.1 Sommige uitstappies is net nie moontlik nie of val nie binne die skool se begroting nie.

Noem VYF beroepe of sentrums wat jy kan uitnooi om jou preprimêre skool te besoek. (5)

6.2 Bespreek DRIE opvolgkreatiwiteitsaktiwiteite wat jy sou beplan nadat die kinders op 'n uitstappie na die plaaslike polisiestasie was. (3 × 2) (6)

6.3 Noem SES musiekinstrumente wat jy tydens 'n musiekkring kan insluit. (6)

6.4 Noem DRIE aktiwiteite met behulp van balle wat kinders in die senior groep op maat van musiek kan uitvoer. (3)

6.5 As jy dit nie kan bekostig om musiekinstrumente aan te koop nie, kan jy jou eie instrumente maak of die kinders dit laat maak.

Bespreek VYF musiekinstrumente wat jy en die kinders kan maak. (5 × 2) (10)

6.6 Verduidelik die voordele daarvan om klein kinders toe te laat om musiekinstrumente te bespeel. (10)

6.7 Wat moet die dagsorgfasiliteerder doen om positiewe musiekervarings vir die kinders te bied? (10)

[50]

TOTAAL VIR AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou